# KOERSVAS

Jaargang 11 Uitgawe 212
17 Maart 2023

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.
Redakteur: Dr Johan Otto

**In hierdie uitgawe:**
**Redaksioneel**
**Berigte**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

**Wierook of vernis?**
Een van die selfregverdiging argumente wat erediens stokkiesdraaiers gebruik, is om te verwys na die "klomp skynheiliges" wat daar in die kerk sit. Dit, saam met stellings soos dat hulle nie die kerk nodig het nie, maak dat hulle in eie geregtigheid wil beweer dat dit die regte ding is om nie die erediens by te woon nie.
Ek het onlangs 'n video-greep gesien waarin die persoon die 'skynheilig' argument beantwoord met verwysing na die gimnasium. Gaan oefen by die gimnasium en jy gaan 'n klomp skynheilig-fikse mense sien. Daar is die oorgewig mense wat met gewaggel en gesweet worstel om iets aan die restant van die vrolike feesseisoen te doen. Daar is die onfikses wat uitasem hyg na die hoop van weer kan besig wees sonder om te moeg te word. Daar is die enkeles wat in noupassende klere met vietse lywe die ysters buig en die staan-fietse laat sing. Laasgenoemdes is deel van die gimnasium-kultuur, hulle hoort duidelik daar. Beteken dit dat die oefen plek en -apparaat net vir hulle bedoel is? Diegene wat gaan volhard, het tog ook die moontlikheid van eendag fiks wees.
Net so is dit by die kerk. Daar is diegene wat duidelik geoefen is in die kerk-lewe. Hulle kan volhou en pas dadelik in. Daar is die mense wat swaar dra aan die oorgewig van skuld en ander uitdagings. Daar is die onfikses wat uitasem is na een erediens. Juis in hierdie Lydenstyd is dit goed om daarop te wys dat die kerk daar is vir almal. Die erediens is die plek waar almal saam die Here dien in die Godsdiensoefening. Jesus het voor die tyd en aan die kruis gely sodat elkeen wat glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal ingaan. Nie almal wat in die erediens teenwoordig is, is dieselfde nie. Gelowiges is op verskillende plekke in die geestelik reis op pad na die ewige saligheid. Ons is nie almal ewe geloof-fiks nie. Tog het ons die kerk en die erediens uitermate nodig op hierdie reis.
Terloops, so gepraat van voorgee wat jy nie is nie: Die lewe is deurtrek met pretensieuse optrede. Dit word selfs goedgekeur en goed-gepraat deur baie mense. Beteken dit dat ons nie die lewe nodig het nie, of dat ons nie aan die lewe deelneem nie omdat daar soveel 'skynheiligheid' is? Daar is vele voorbeelde beskikbaar.
Daar is 'n groeiende histerie oor klimaatsverandering. Dit was eers alarm maak oor aard-verwarming, maar toe die aarde ophou warm word, het die fanatici hulle eko-kruistog herdoop en begin verwys na "mensgemaakte klimaatsverandering". Slim, verwys na iets wat nog altyd daar was en sigbaar

was, voeg 'mensgemaakte' by en herdoop die konsep om mense geestelik te boelie om na jou te luister. Kyk maar na die groot voorstanders van die pogings om 'groen' alternatiewe deur te druk. Hulle vlieg per privaat vliegtuig na die volgende eko-konferensie om daar dan weer hulle monde uit te spoel oor mense wat goedkoop energie najaag. Gretha Thunberg (Sweedse omgewings-aktivis), Al Gore, Leonardo de Caprio en vele meer dien as voorbeeld van mense wat besig is met hierdie waardigheidspronk (*virtue signalling*).

As tweede voorbeeld kan die hele "*Woke*" gemeenskap en -kultuur aangedui word. Die woord se oorspronklike betekenis het na die verlede tyd verwys van die Engelse woord "wake" wat wakkerword impliseer. Iemand wat in die verlede wakker geword het. In Amerikaanse 'slang' het die woord nuwe betekenis gekry; naamlik om bewus te wees en aktief aandag te skenk aan belangrike gemeenskapsake en veral sake onder andere sake rakende ras en geslag. Dit dra in sekere gemeenskappe (behoudend) ook 'n ander afkeurende betekenis naamlik dit onredelik of polities ekstreem is. Die woord 'woke' is ook nou in gebruik in Afrikaans by gebrek aan 'n paslike woord. Dalk 'n klakkelose oorname van die woord om ook as 'woke' erken te word of om by daardie groep ingetel te kan word. Die konsep is veral by sekere sektore van die samelewing gewild, veral omdat die 'woke' benadering verwys na sogenaamde sistemiese rassisme en gelykheid van uitkoms; eerder as gelykheid van geleentheid. 'Woke' mense lê ook klem op veelgeslagtelike opsies; biologie dikteer nie meer die mens se geslag nie, die mens kies self tussen soveel as 76 geslagte. Baie mense val in by hierdie kultuur en gebruike - skynheilig - al stem hulle nie daarmee saam nie. Hulle is net so bang dat hulle vervolg of verneder sal word dat hulle maak asof hulle 'woke' is, of die 'woke' mense ondersteun.

Skynheiligheid en valsheid is deel van die lewe, nie net iets wat sogenaamd in kerke voorkom nie. Wierook was gebruik om die stank van bloed en verrotte vleis te verdoesel. Skuurpapier word gebruik om slegte dele af te skuur en vernis sodat dieselfde item behoue kan bly. In die erediens is ons nie besig met wierook nie, ons is besig om te skaaf, skuur en vernis tot die eer van Sy naam. Ons het die kerk nodig. Selfs die kere wat ons in skyn daar sit, groei ons en word ons herskep. Daarvoor het Hy aan die kruis gely.

# BERIGTE

## FRANS MARAIS

Dit is met 'n gevoel van versriet dat ons bekend maak dat Ds. Frans Marais (Grootvlei) se vader Woensdag 15 Maart 2023 oorlede is. Die begrafnis vind plaas 22 Maart 2023 om 11:00 vanuit Grootvlei kerkgebou.

## BONDSVERGADERING 2023

Plek: Gemeente Koster

Datum: 10 tot 12 September 2023

Tema: Beskrywingspunte sal hanteer word en die hooftema vir bespreking is die "Toekomstige bediening in die Bond".

Die nodige dokumentasie en verdere inligting sal eersdaags versend word.

## PREDIKANTE BERAAD 2023

Plek: Gemeente Theresapark
Datum: 13 & 14 April 2023
Kostes: R100/ persoon betaalbaar in die Bond se rekening, voor of op 31 Maart 2023. (Verwysing – Beraad met van – Bv Beraad Marais)
Tema: Toekomstige bediening in die Bond – die tema wil graag fokus op die tekort aan predikante en die wyse waarop hierdie probleem aangespreek kan word.

## BARMHARTIGHEID

Gemeente Wesrand het 'n Barmhartigheidsfonds op die been gebring met die oog op toekomstige hulpverlening in die Bond. Meer inligting sal later aan u gekommunikeer word. Verder wil die komitee vir barmhartigheid graag 'n databasis saamstel wat betref bekostigbare behuising en tuisversorging vir bejaardes. Weens finansiële druk is daar 'n al groter behoefte onder ons bejaarde lidmate vir hierdie dienste en daarom wil die Barmhartigheidskomitee graag van u hulp gebruik maak om hierdie lidmate op so 'n wyse by te staan.

## LITIGASIE

Ons wag op die uitspraak van die hoogste hof van appél in Bloemfontein. Indien die hof in ons guns beslis, is dit steeds nie die einde van die stryd nie. Die NHKA het dit duidelik gemaak dat hulle sal voortgaan met die teeneis en dat hulle hierdie "geskepte" klein gemeentes sal bystaan in hulle eise. Die stryd om geregtigheid te laat seëvier duur dus voort. Gemeentes en lidmate word vriendelik versoek om **weer by te dra tot die regsfonds.** By voorbaat dank.

# KENNISGEWINGS

### LEWENSBROOD 2023

Lidmate en gemeentes neem kennis, daar is nog 33 eksemplare van Lewensbrood beskikbaar by die drukkers. As u sou belangstel en nog nie 'n kopie daarvan bestel het nie, kan u vir Ella kontak sodat reëlings getref kan word vir die versending daarvan.
Vriendelike groete.
ella@geloofsbond.org.za

## DRUKWERK

*Paul en Ella help graag met:*
*Kalenders*
*Kwitansieboeke*
*Offergawe boeke*
*Dames Kwitansieboeke*
*Konsistorie boeke*
*Reklame plakkate en ander drukwerk*
*ella@teamworkprinters.com*